# Agri Prieska Nuusbrief

*Februarie 2025*

AGRI PRIESKA

# Gesoek: Jongboer van die Jaar

*Die Toyota Jong Boer van die Jaar kompetisie het weer afgeskop en in elke provinsie word daar na 'n boer, jonger as 40 jaar, gesoek wat sy provinsies kan verteenwoordig.*

*Indien daar iemand uit die Agri Prieska omgewing is wat belangstel om in te skryf vir hierdie kompetisie is hy welkom om vir Koos du Pisanie te skakel by 083 457 8145 vir die nodige dokumentasie en vorms wat ingevul moet word.*

*Die sluitingsdatum is op 25 Mei, maar dit is belangrik dat hierdie vorms nou reeds moet aandag kry omdat dit heelwat administrasie verg om in te skryf.*



# Agri NK se mening oor Onteieningswet

Agri Noord-Kaap is bekommerd oor die nuwe Onteieningswet omdat daar nog areas is waarvan die bedoeling vaag is of wat die geleentheid skep vir waninterpretasie.

Die magtiging vir die onteiening van grond vir 'n "'openbare doel" of in “openbare belang" sonder die behoorlike definiëring van die betekenis van die terme laat rooi ligte flikker. “Die mag om eiendom te onteien kan ook nie in verskeie regeringsvlakke gesetel wees nie. Die waarde van privaatbesit van eiendom is so hoog dat die onteiening daarvan slegs op die hoogste vlak van die toepaslike ministerie hanteer kan word,” . sê mnr Willem Symington, President van Agri Noord-Kaap.

Hy bevestig dat Agri Noord-Kaap sal in samewerking met Agri SA noulettend waak oor sy lede se regte t.o.v. enige wetgewing wat hulle konstitusionele regte aantas of ontneem.

Agri Noord-Kaap gee ook die versekering dat hy in gevalle van onwettige optrede, ook wat grond besettings aanbetref, onmiddellik en volledig die nodige ondersteuning  aan lede sal bied.

“Ten slotte is dit belangrik om te meld dat die wet wel onderteken is, maar geen implementerings datum is gegee nie, dus is die wet nog nie in werking nie” sluit mnr Symington af.

# Minimum loon vanaf op 1 Maart




’n Verhoging van 4,4% in die nasionale minimumloon vir plaaswerkers met ingang van 1 Maart 2025 in aangekondig.

Die aanpassing verhoog die minimumloon na R28,79 per uur, R1295.55 per week en R5613.62 per maand

Johann Kotze, hoof- uitvoerende beampte van AgriSA, het gesê Agri SA verstaan dat lone moet verhoog, maar hy het ook sy kommer uitgespreek aangesien die landbousektor tans met talle uitdagings worstel, insluitend ’n inkrimping van ongeveer 5% in BBP vir 2024. Onlangse ontwrigtende weerpatrone het gelei tot ernstige droogtetoestande in baie boerderystreke, wat aansienlike druk op produsente plaas en winsmarges oor die kort termyn bedreig. Die Buro vir Voedsel en Landbou (BFAP) het egter aangedui dat, met die veronderstelling van ’n terugkeer na meer normale reënvalpatrone, die algehele landbou-BBP ’n herstel kan sien met 'n verwagte groei van 3,5% in 2025.

# Bewaring en ontwikkeling van landbougrond kry prioriteit



Op 28 Januarie 2025 het die president die Wetsontwerp op die Bewaring en Ontwikkeling van Landbougrond onderteken.

Dit sluit maatreëls in om:

- Die fragmentasie en verlies van landbougrond te voorkom
- Lewensvatbare boerdery-eenhede te bevorder
- Optimale grondgebruik aan te moedig
- Voedselsekerheid en ekonomiese groei te ondersteun

’n Bevoegde owerheid, wat deur die Minister geskep is, sal bepaal watter gebiede as landbou-ekosisteme gelys en beskerm moet word.

Indien jou gebied as 'n landbou-ekosisteem gelys word, word dit beskerm teen potensiële mynlisensies, stedelike uitbreiding en dit kan egter toerismeverwante aktiwiteite insluit.

Goedkeuring om 'n aktiwiteit te bedryf wat op die lys verbode is, kan gedenoteer of gewysig word. Appèl kan teen 'n notering gemaak word (S27 tot 30).

Nakoming, oortredings en ondersoeke kan uitgevoer word deur die gemagtigde ondersoekers wat sonder 'n afspraak ter plaatse inspeksies kan doen om moontlike nie-nakoming te ondersoek.

# Veldram veiling was groot sukses

Die Noordkaap Veldramklub het op 6 Februarie, ’n baie suksesvolle veiling op Prieska aangebied.

Tydens die geleentheid is 42 Dorper ramme, 30 Wit Dorperramme, 15 Van Rooy ramme en 11 Boerbokramme verkoop en die omset van die stoetvee was sowat R1,2 miljoen.

Die stoettelers wat betrokke is by die Noordkaap Veldram projek het ook vanjaar vir kommersiële boere geleentheid gegee om ooie te kom verkoop en hierdie ooie, uit verskille rasse het besonder goed gevaar. Die omset van die ooie het sowat R1,56 miljoen beloop.

Die lede van die projek beoog om in die toekoms nog groter te gaan en meer boere aan te moedig om hul kommersiële ooie hier te verkoop. Doornfontein Landbouvereniging het ’n persentasie van die omset gekry.




Drie geslagte Van Rensburgs is al besig met die Noordkaap Veldramklub. Louis van Rensburg was een van die stigterslede, Jaco het die leisels by sy pa oorgeneem en Louis (Jnr.) is fluks besig om te leer sodat hy die derde geslag kan wees wat oorneem.

# Duurste ram haal R70 000




*Daar het 30 Wit Dorpers onder die hamer gekom by die Noordkaap Veldramveiling, en hulle is teen 'n gemiddelde prys van R12 800 verkoop. Die wit Dopers het ook die kollig van die dag gekry toe die duurste ram, wat aan Egbert van Rensburg behoort het, vir R70 000 aan Johan van der Colff van Williston verkoop is.*

# Duurste boerbok is nou in Willowmore

*Onder die Boerbokke by die Noordkaap Veldramveiling was daar 11 ramme verkoop teen 'n gemiddelde prys van R12 000 stuk. Die duurste ram in hierdie ras was R32 000. Hy was die eiendom van Louis en Jaco van Rensburg en is aan Johan van der Schyff van Willowmore verkoop.*



# Visser van Pofadder spog met die duurste Van Rooy ram

*Die 15 Van Rooy ramme wat op die Noordkaap Veldramveiling verkoop is, het ook ’n goeie gemiddelde prys van R11 600 behaal. Theuns Visser van Pofadder het die duurstes ram gekoop vir R21 000. Hy het aan Jaco en Louis van Rensburg behoort.*






# Gerrit van Wyk koop 'n spog Dorper ram

*Daar was altesaam 42 Dorper ramme op die Noordkaap Veldramveiling verkoop en die gemiddelde prys wat hulle behaal het, was R12 000 stuk. HG Human het die duurste ram aangebied en hy is vir R25 000 aan Gerrit van Wyk van Prieska verkoop?*

# Beefmasterdag op Prieska



Beefmaster gaan op 27 Maart 'n inligtingsdag met die boere by die Prieska Rolbalklub hou om hulle in te lig oor die soort karkasse wat hulle graag wil aankoop.

Sprekers van die dag is ondermeer Jaco Liebenberg wat gaan gesels oor verskillende beesrasse en die voor- en nadele van elk. Dr. Shaun Morris, 'n veearts, gaan boere inlig oor bek-en-klouseer en ander dieresiektes wat in die omgewing voorkom en hoe om dit te hanteer terwyl Roelie van Reenen 'n bespreking met die boere gaan hou oor markte vir rooivleis en voorwaardes wat hierdie markte weer van die abattoirs stel.

Belangstellendes wat die dag wil bywoon kan met Koos du Pisanie by sel 083 457 8145 of met Philip Roux, die agent van Beefmaster op Prieska, by sel 079 504 5874 skakel.

# Mynbou vs landbou

Boere is uiters bekommerd oor die uitwerking van ongewenste mynbou en gaseksplorasie in die omgewing van produktiewe landbougrond.

AgriSA beklemtoon dus dat voedselsekerheid en die bewaring van landbougrond, veral hoëwaarde-landbougrond, geprioritiseer moet word.

Die organisasie is bemoedig deur president Cyril Ramaphosa se ondertekening van die Wet op die Bewaring en Ontwikkeling van Landbougrond op 27 Januarie 2025, met die doel om landbou-ekostelsels en lewensvatbare landbougrond-eenhede te bewaar en te bestuur deur regulasies en die ontwikkeling van norme en standaarde. Werk in dié verband moet nou in alle erns begin.



# Hoe om grondbesetters te hanteer



Met inagneming van die onlangse ondertekening van die Onteieningswetsontwerp bestaan die moontlikheid van onwettig besetting van grond op plase.

Agri SA het 'n dokument opgestel wat grondeienaars te doen staan indien daar 'n moontlikheid is van besetting van grond.

Persone wat hierdie dokument wil bekom kan met Koos du Pisanie skakel.

Agri SA doen 'n beroep op alle boere en lede om kalm te bly wanneer hulle hierdie situasies in die gesig staar, maar vinnig en beslissend op te tree. Dit is belangrik om jou eie veiligheid en die van jou jou gesin en jou werknemers te prioritiseer.

Dit is belangrik om te verseker dat alle aksies wettig uitgevoer word en om deurlopende plaassekuriteitsopleiding en paraatheid te verseker.